




Ark Blitz



Liewe Ouers

God se plan het uitgebrei van een man, Abraham, na sy familie en toe na 'n volk. God het vir Josef gebruik om hierdie volk gereed te maak om sy plandraers te wees

Les 24 – GOD SE PLAN OF MY PLAN

Maats lees: Gen 39-41

Jakob het vir Josef voorgetrek. Hy het self 'n kosbare kledingstuk vir Josef gegee. Josef se broers het glad nie daarvan gehou nie. Josef het ook gereed sy broers by sy pa gaan verklaar en stories oor hulle aangedra (gaan klik). Hy het ook vreemde drome gehad bv. dat al sy familie se koringgerwe voor syne buig en dat die son, die maan en elf sterre voor hom buig. Dit het Josef baie belangrik en opgewonde laat voel en hy het dit oor en oor aan sy familie vertel. Jakob het Josef berispe, maar Josef se broers het hom begin haat. Omtrent 60km van die huis af het Josef se broers hul pa se skape opgepas. Jakob het vir Josef na sy broers gestuur. Na die lang rit was Josef seker baie bly om sy broers te sien, maar die haat in die broers se harte teen Josef het so opgebou dat hulle hom wou doodmaak. Die broers het Josef van ver af sien aankom. Skaars het Josef by sy broers aangekom of hulle skeur sy kosbare kledingstuk van sy lyf af. Ruben het probeer om Josef te red deur te keer dat hulle moord pleeg. Hy het gesmeek dat hulle Josef nie doodmaak nie. Ruben het 'n droë put daar naby gesien en sy broers oortuig om Josef eerder daarin te gooi. Hy wou Josef later uithaal en na sy pa terugstuur. Toe 'n klomp handelaars, op pad na Egipte, daar aankom se Juda: "Kom ons verkoop Josef aan die handelaars." Vir 20 stukke silwerstukke word Josef, as slaaf, verkoop aan die handelaars. Ruben was baie ontsteld toe hy terugkom en uitvind wat sy broers gedoen het. Dink net hoe het Jakob gevoel toe hy Josef se klere herken en die bloed aan die klere sien. Jakob het gedink sy seun is deur roofdiere verskeur.



Het jy al gevoel dat iemand wat vir jou baie belangrik is, nie genoeg aandag aan jou gee nie? Dan kan jy maklik kwaad word vir daardie persoon of selfs vir iemand wat wel aandag van daardie persoon kry. Josef se broers het ook so gevoel. Hulle het gedink dit is baie onregverdig. Jakob het ook nie reg opgetree nie, hy het te veel aandag aan Josef gegee. Josef het natuurlik die baie aandag geniet en boonop stories aangedra. Hierdie familie het net aandag gegee aan wat hulle dink belangrik is. Afguns, haat, leuens en selfsug het hulle harte oorgeneem. Hulle het God en Sy plan vergeet, maar **GOD HET NIE DIE FAMILIE EN ONS AFGESKRYF NIE.**

Josef ervaar:

- * Die haat van sy broers toe hulle hom gryp en die klere van sy lyf afruk.
- * Vrees: Sy broers gooi hom in 'n donker put.
- * Hoe dit voel om 'n witbroodjie te wees en nou 'n slaaf.
- * Hoe dit voel om alleen in 'n vreemde land te wees